Laerskool Danie Malan
Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

HOE WEET EK DAT MY KIND SKOOLGEREED IS ?

Die kind is skoolpligtig in die jaar waarin hy/sy 7 jaar oud word. Hoewel ‘n kind skoolpligtig is, twyfel ouers soms of hulle skoolgereed is.
Hier is ‘n paar riglyne:

Motoriese vaardighede:
Goed kan spring –touspring, verspring.
Redelik akkuraat met ‘n bal kan gooi.
Tien sekondes op een been kan staan.
Natrek van sirkel, vierkant, kruis, ens.
Met blokke kan bou.
Eenvoudige papiervorms kan uitknip.
Legkaarte kan bou.

Taalvaardigheid:
Ervarings met korrekte uitspraak - oorvertel.
‘n Eenvoudige natuurtoneeltjie kan beskryf.
In prenteboeke kan rondblaai.
Eenvoudige prente kan beskryf (vertel).
Die verskille tussen 2 dinge kan opnoem.
‘n Boek reg kan hanteer en versorg.

Syfervaardighede:
Tot 10 kan tel, bv. lepels op die tafel, ens.
Vier syfers kan herhaal, bv. 4213.
Ken verskil tussen groot en klein, baie en min, lank en kort, bo en onder, voor en agter, binne en buite, ‘n klomp en ‘n paar.
Ken eie woonadres en telefoon nommer van ten minste een ouer.

Sosiale en Emosionele vaardighede:
Selfstandig kan uittrek en aantrek.
Losmaak en vasmaak van knope en skoenveters.
Goed met maats kan speel en saam werk.

Bevele kan aanvaar en opdragte gewillig uitvoer.
Speelgoed mooi oppas en gereeld bêre.
Stip en getrou wees met werkies tuis.
Vir kort rukkies stil kan sit en met aandag luister **(NB).**
Redelik kan oorvertel wat u gesê het.
Selfstandig die skool kan bereik.
Gesag en dissipline kan aanvaar.

BAIE BELANGRIK—Gee ‘n opdrag slegs eenmaal!!!